20 MEI 2018

Pinksterfees!

09:00 Caritas Sondag

Immanuel van Tonder

Baie welkom aan Afrikaanse Hoër Meisieskool se koor wat tydens die oggenddiens optree.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Hoop om jou en jou ouers volgende Sondag by die Gesinsdiens te sien. (Onthou jou foto.)

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Peet Crous

Psalm 23. Tema: In my lewe...

Baie geluk aan die volgende jong mense wat vanaand belydenis van geloof aflê: *Henco Botha, Denielle de Bruyn, Pierre du Preez, Alicia Enslin, Hendré Grobler, Phillip Nel, Philip van der Watt, Alexander van Twisk, Jani Visagie en Nicole Wilken.*

19:00 Belydenisklas

Ander geloofsgewoontes. *Kleingroepe*

27 MEI 2018

09:00 Erediens – Kerk

Eric Scholtz

09:00 Gesinsdiens – Saal

Peet Crous

09:00 Kategese Gr 1 – 6 en Kleuterkerk in die Saal

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden – Nagmaal

19:00 Belydenisklas

Verskillende kerkgroepe. *Kleingroepe*

Kerkraadsvergadering 28 Mei om 19:00 in Koinonia.

Caritas Sondag

Uitreikbedieninge van Lynnwood Gemeente

Kyk gerus na van die kanale waardeur ons 'n verskil maak op 'n ryke verskeidenheid terreine van mense se lewens.

1. Adult Education
2. Allimentasie
3. CMR
4. "Geeregyk" Koepon stelsel
5. Gemeenteprojekte
6. Gideons
7. Harmonie oord vir bejaardes
8. Helplift
9. Jakaranda Kinderhuis
10. Kamcare: Kameeldrift
11. Kleingroepe se uitreike
12. Lynnwood outreach
13. Nuwe Generasie uitreike
14. PEN
15. Ratanang
16. Tabita
17. Vrouegroepe se uitreike
18. Wespoort voeding en uitreikprojek
19. Ya Bana
20. Wozanibone

HOE KAN EK BETROKKE RAAK?

Oorweeg gerus biddend of u nie by een of meer van die projekte betrokke wil raak nie. Al die bedieninge is afhanklik van fondse. Ons wil u dus ook nooi om 'n bydrae te maak.

Rekeningbesonderhede:
(**NB:** Merk asseblief u bydrae **Caritas)**
NG Gemeente Lynnwood
ABSA Takkode: 632005
Tjekrekening nommer: 540 580 014

Debietorders:
Voltooi asseblief die *Debietordervorm* beskikbaar op die web en faks dit aan 086 645 3711.
Maatskappye ontvang 'n *belasting voordeel* en verdien ook *BEE punte*.
Meer inligting: Bertus van Tonder 074 582 8820

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Bedieningvergadering** 16:00 (A21) **Helplift Bedieningvergadering** 18:30 (Kapel) **Diensverhoudinge Bedieningvergadering** 18:30 (Kerkkantoor)
Dinsdag:	**Bybelstudiereeks:** ***God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is*** 08:30 (A21). Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder. Tema: *'n Volgende tree saam met Josef.*
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Jaco en Martine de Beer, Queens Crescent 416, Lynnwood, 083 627 6200.

Bybelstudiereeks:

Die laaste Bybelstudie van die reeks Halwe waarhede in die Christendom (Adam Hilton) kom op 29 Mei ten einde. Almal word hartlik uitgenooi om dit om 08:30 by te woon. Tema: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

Baie dankie!

Baie dankie aan almal wat die week sop en broodjies tydens Pinkster voorsien het – dit word opreg waardeer!

Bevestiging van kerkraadslid

Rachelle Visser word as Sekundus-kerkraadslid vir Nuwe Generasie tydens die aanddiens van 27 Mei bevestig.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Tradisionele Bisantynse Ikone-kursus:

Kursus aangebied in Junie – klasse vind plaas op Saterdae en Sondae by die kerk vanaf 09:30 – 15:30. Alle kuns materiale word verskaf. Belangstellendes kan vir Fay skakel by 083 478 0854.

Nuwe Generasie:

Nuwe Generasie hemde te koop @ R150. Bestel jou hemp by die kerkkantoor 012 348 1245.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week:

Die Misterie van God en die geheimenis van die mens...

'n Baie besonderse openbaring van die misterie van die Here word in die Ou Testament gevind in die bekende verhaal van Moses in Eksodus 3 vers 13 – 15, waar Moses vir God vra : "As ek by die volk van Israel kom en vir hulle sê: Die God van julle voorouers het my na julle toe gestuur, sal hulle my nie glo nie. Hulle sal vra: En wie is Hy? Wat moet ek dan vir hulle sê?" God het hom geantwoord: "Ek is soos wat Ek is. Sê maar net vir hulle: Ek Is het my na julle toe gestuur." God het verder vir Moses gesê: "Sê vir die Israeliete: 'Die Here, die God van julle voorouers - die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob – het my na julle toe gestuur'. Dit sal altyd my Naam wees en dit is wat elke geslag My sal noem.

Die gedeelte wys ons opnuut dat God nie deur menslike terme en benamings vasgevang kan word nie. Deur die eeue het mense God verskillend aangespreek, afhangend van die beeld wat hulle van die Here gehad het. Sommige van die beelde was gebruik om groot skade mee te berokken, ander om verlossing te bring. Die benaming wat God hier aan Homself toeken oorskrei enige ander benamings. Die potensiaal en moontlikhede daarin vasgevang, laat mens wonder of mens ooit eintlik iets oor God kan sê. Iets, wat Hom nie tog in 'n mate beperk nie.

Die wetenskap is ook nie van veel hulp nie, want volgens die reëls en regulasies daarvan moet mens 'n voorwerp empiries kan verken om enige werklike waarhede daaroor te kan vasstel. Die Here kan nie vasgevang word en op die wyse bestudeer word nie.

Al hierdie dinge en bevindings dra by tot die groot misterie van God en soos Albert Nolan eerder sal sê "God is dié misterie". Die mens kan die heelal verken tot op 'n sekere punt en dan staan ons verstom oor al die dinge wat ons nog nie kan begryp nie of nog nie eers van weet nie.

Die wonder daarvan alles is dat die mens deel is van hierdie Misterie.

Ek is vir myself 'n misterie en so ook is alle mense. Hoe harder ons probeer vasstel presies wie en wat ons is, hoe meer groei die bewustheid dat daar oneindig baie dinge is wat ons net nie verstaan nie en nooit te wete gaan kom nie. Die ware self bly ontwykend. Dis nie 'n spesifieke klank nie, mens kan dit nie proe nie, nie ruik nie en nie daaraan vat nie. Ons eie bewussyn kan nie homself of haarself bestudeer of probeer definieer nie. Dis eerder net die vrugte daarvan wat ons kan ken, hoe mens optree, wat vir mens belangrik is…

Dit is 'n vreemde ervaring om so aan God as 'n misterie te dink en oor onsself ook. Dit is moontlik dat vreemdheid dalk vrees kan meebring, maar in die geval, is dit beter om eerder in verwondering daarvan te staan. Albert Nolan sê: "The appropriate response to mystery of any kind, is wonder."

Ek wil graag met hom saamstem, veral op my ouderdom van 25 jaar, waar alles nog eintlik onduidelik is. Dit is gerusstellend om te weet dat ek, as mens en al die dinge van die lewe wat ek nie begryp nie, dalk nooit sal nie, deel kan wees van 'n groter Misterie.

Die uitdaging lê dan daarin om nie vanuit vrees vir die onbekende en geheimenisse, eerder te onttrek of dit te vermy nie, maar méér bewus te word van die Misterie in ons en oral rondom ons. Die ervaring daarvan begin eerstens waar ons in verwondering staan teenoor al die dinge wat ons nie verstaan nie. Wanneer ons besef dat ons nie God, die werking van die Heilige Gees of Jesus ten volle kan begryp nie, maar dat die misterie van dit alles, ook in die misterie van onsself is.

God het hom geantwoord: "Ek is soos wat Ek is. Sê maar net vir hulle: Ek Is het my na julle toe gestuur."

Groete
Jeanri Bezuidenthout
(Namens die predikantespan)

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Onderwyshulp: Benodig u kind 'n AMANUENT, SCRIBE of READER vir toetse en/of eksamen? Ekstra klasse in GEOGRAFIE en/of BESIGHEIDSTUDIE (Gr 8 – 12)? Veral as hulle reeds of oorweeg om **vakke te verander**? Skakel 082 473 9085 / 012 348 2392 of stuur 'n e-pos aan mathilda.geyvanpittius@gmail.com

Afgetrede gegradueerde onderwyseres is op soek na 'n deeltydse admin pos in Pretoria Oos. Ek is rekenaar vaardig en beskik oor goeie taal en skryf vaardighede in Afrikaans en Engels. Ek is tweetalig en kan ook vir laerskool leerlinge help met ekstra Engelse lesse. Skakel my asb. by 082 361 2414.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.